SHAUN CHETTY

25

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO. 18/75/254

25TH SEPTEMBER 1975.

In the matter of:

THE STATE

vs.

S. COOPER AND EIGHT OTHERS.

---

VOLUME 25

PAGES 1799 - 1810

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

F I N D I N G

BY THE COURT: There is an allegation on count 1 that the accused are charged with conspiracy to commit certain specified acts.

It is alleged that they acted through and/or in the name of the South African Students Organisation and/or the Black Peoples' Convention. Further particulars were requested and in the further particulars it is alleged that these two organisations were also co-conspirators.

The Prosecution intends to lead the evidence of one Mangane, the national organiser of the Black People's Convention. Mr. Rees has indicated to the Court that the effect of the evidence to be given by him is that he attempted to recruit persons for military training abroad after he explained to them the aims and objects of the Black People's Convention.

Recruitment of persons for military training abroad is not one of the acts alleged from which the objects of the conspiracy alleged, are to be inferred.

Evidence about such recruitment or attempted recruitment are therefore not relevant on the charge preferred against the accused.

The evidence of Mangane will therefore not be allowed because his evidence will not be relevant to the issues on the charge sheet. If further reasons are necessary I shall give them in due course.

---

MR REES: My Lord, I would like to just recall Captain Du Toit, there are two documents that I omitted to put to him.

CAPTAIN DU TOIT, STILL UNDER OATH:

RE-EXAMINATION BY MR REES: My Lord, I take it that witness can then be excused.

BY THE COURT:/...

BY THE COURT: Did you want to use Mangane?

MR ALLAWAY: No, My Lord.

MR REES: Kaptein, sal u kyk na die dokumente BPC D.3 en BPC D.4. Sal u net daardie dokumente een vir een behandel, vertel vir die hof wat hulle is en hulle geskiedenis.-- Edele BPC D.3 is 'n pamflet op die briefhoof van Black People's Convention. Hierdie pamflet Edele,was gedurende Februarie 1973, as my geheue my nie in die steek laat nie, was dit die 2de Februarie 1973 in die Durban Stadsgebied uitgegee. Die pamflet is in Engels. Daar was ook een in Zoeloe. Hy is aangeheg aan hierdie bewysstuk. Edele, hierdie pampflet soos ek sê wat hulle uitgegee het, beskuldigde nr. 1 tesame met ander persone is dieselfde dag gearresteer. Hulle is later voor die hof gedaag, die Streekshof die saak was in die streekshof verhoor, ek was die ondersoekbeampte, waar hulle onskuldig bevind is.

DEUR DIE HOF: Onskuldig? -- Onskuldig. Ook aangeheg aan dieselfde dokument is die konsep van hierdie pamflet in handgeskrewe, dit lyk soos 'n deurslagkopié. Hierdie gedeelte van die dokument, Edele, was 'n bewysstuk in die saak destyds. Dit was gevind deur ander polisiebeamptes. Nou die dokumente in die hof soos in die huidige vorm, dit is die Engelse weergawe, die Zoeloe weergawe tesame met die konsep het ek op die 14de Oktober 1974 tydens die deursoeking van beskuldigde nr. 1 se huis, weer in sy huis gevind. Ek mag net meld, Edele, dat die pamflette waaroor die saak destyds in Durban gegaan het was na afhandeling van die saak teruggehandig aan die beskuldigdes.

MNR REES: Ja? -- BEWYSSTUK BPC D.4 Edele, hierdie bewysstukke herken ek. Ek het dit...

Sal u hulle beskryf net eers asseblief, BPC D.4 presies

wat/..

wat is dit. -- BPC D.4 is eerstens 'n geskrewe - die eerste bladsy is 'n geskrewe dokument. Dit is blykbaar ook 'n konsep van 'n pamflet. Dit is in Engels geskrywe, en dit is blykbaar soos ek sê 'n konsep van die tweede bladsy wat 'n pamflet uitmaak wat ook uitgegee was onder die Black Peoples' Convention en geteken is deur Motlakapula Gware, en dan die derde bladsy Edele is 'n vertaling deur 'n tolk. Hierdie pamflette, Edele, het ook in my besit gekom gedurende 1973, aan die begin van 1973. Ek het 'n saak dossier geopen, Edele en ondersoek, maar die saak is nooit voor die hof gebring of voor 'n Aanklaer gelê nie. Dit is deur my Departementshoofde besluit dat ons die saak nie sal verder voer nie.

Dankie.

MR ALLAWAY: My Lord, I think we indicated we would like the witness to stand down until Monday. My Learned Friend has no objection to that.

WITNESS STANDS DOWN

ROBERT LESLEY WELMAN, verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR MNR ATTWELL: U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak en gestasioneer te Durban? -- Dit is korrek.

Op die 19de dag van Maart van 1972 het u in samewerking met Indiërkaptein Naiger 'n bandopname gemaak van die verrigtinge by 'n Sharpeville Commemoration Day te Allan Taylor Residensie, Wentworth, Durban? -- Dit is korrek.

Die verrigtinge is met behulp van tegniese hulpmiddels op twee kasetbande opgeneem is dit korrek? -- Dit is korrek.

Met die hof se toestemming, Edele, sal hierdie twee kasetbande as BEWYSSTUK 28 ingehandig word. Nou u het dan ook die twee bande vir 'n aantal dae in u besit gehad en 'n voorlopige transkripsie daarvan gemaak is dit korrek?---

Dit is korrek.

Op die 29ste dag van Maart van daardie jaar 1972, het u dié bande in 'n koevert geplaas dit geseël en dit aan majoor Stadler oorhandig? -- Dit is korrek.

Die volgende wat u dan van dié bande weet is dat u in hierdie jaar op die 22ste dag van April weer vanaf majoor Stadler onder andere dié bande ontvang het en geneem het na die W N N R vir 'n transkripsie daarvan is dit korrek? -- Dit is korrek.

Dit was dan 'n sekere dr. Jansen by die W N N R. -- Dit is korrek, die Departement van Akoestiek.

Ek wil dan u aandag net vestig op die vyfde dag van Oktober van 1973 was u en majoor Stadler saam gewees in Durban en het u 'n sekere Indiërman Roy Chetty, onder observasie gehou? -- Dit is korrek.

Edele, dit is vir die inligting van die verdediging die vyfde dag van Oktober van 1973. Het u enigiets in sy besit gevind terwyl u hom onder observasie dopgehou het? -- Toe Roy Chetty sy huis verlaat het, het hy 'n leertas by hom gehad. Hy het saam met ander persone in 'n motor vertrek. Ons het dié motor voorgekeer in Chamberlainweg. Ons het die voertuig deursoek en in die leertas het ons die konsep van BPC nuusbrief Nkululeko Ye Sizwe gevind.

Ek toon aan u 'n fotostatiese afskrif BEWYSSTUK G.1. Sal u net daarna kyk en dit uitken? -- Dit is die dokument wat ons gevind het in die motor. Ek wil net meld dat Roy Chetty op daardie stadium die skakelbeampte van BPC was.

Dit is die Public Relations Officer? -- Dit is korrek. Die oorspronklike wat gevind is in besit van Roy Chetty is op beslag gelê deur uself en majoor Stadler is dit korrek?/..

korrek? -- Dit is korrek.

En 'n fotostaat is dan deur die Veiligheidstak hiervan gemaak? -- Ek is nie bewus daarvan nie, majoor Stadler het die aangeleentheid verder gevoer.

Dankie. Goed, ek wil u dan net ook neem na ongeveer Junie van verlede jaar, Junie 1974 het kaptein du Toit die vorige getuie in die getuiebank, drie kasetbande aan u oorhandig vir bewaring terwyl hy vir drie maande weg van die kantoor af was? -- Dit is korrek.

Dit is BEWYSSTUKKE 26 en 27,waarna die getuie gister dan ook verwys het. Met sy terugkoms het u die bande ook dan weer aan hom terugbesorg? -- Dit is korrek.

Ek wil u dan ook vat na die 15de dag van September van 1974 het u ook dan observasie gehou by 'n BPC Symposium te Kajeesaal Durban? -- Dit is korrek.

En het u gesien dat lede van die gehoor by daardie symposium 'n sekere pamflet of dokument in hulle besit gehad het? -- Dit is korrek.

Ek toon aan u 'n afskrif van BPC N.1, 'n dokument "towards freedom now" op die kopstuk "Black People's Convention". -- Dit is die dokument, Edele.

Die dokument is reeds ingehandig, Edele. Ek wil u dan ook nou na die 25ste dag van September van 1974 terugbring. Die dag van die sogenaamde "Viva Frelimo Rally" te Durban. Het u dié Curries Fountain perseel besoek daardie middag? -- Ek het daardie middag omtrent 4,20 majoor Stadler en ander lede van die Veiligheidstak na Curries Fountain vergesel. Met ons aankoms aldaar het ons 'n groep persone op 'n wal aan die suidelike kant van Winterton deurloop opgemerk.

Is dit aan die oorkant van die hoof-ingang na

Curries/...

Curries Fountain? -- Dit is korrek.

Ja? -- Hierdie groep persone het naderhand aangewas totdat daar naderhand ongeveer, my skatting, tussen 1000 en 1 500 was. In die loop van tyd het van dié persone wat op die wal gestaan het af beweeg na die straat toe. Ek sal sê omtrent 300 altesaam. Omtrent vyftien minute nadat ons aangekom het daar het beskuldigde nr. 1 se eggenote Vino Cooper voor die mense gaan staan, sy was geklee in 'n BPC hempie. Die skare het begin sing en hande klap, onder die leiding van Vino Cooper, beskuldigde nr. 1 se vrou. Hulle houding was baie uittartend, minagtend.

Teenoor wie sou dit gewees het? -- Teenoor die polisie, die polisie wat daar was. Hulle het slagkrete geuiter soos byvoorbeeld Uhuru, Usuthu, Amandla Aweto, Power en dan ook die swartmag teken gegee. Beskuldigde nr. 1 se vrou het ook na die rigting van die polisie gewys en gesê "White man, go home". Met tye het hulle op beweeg tot voor die polisie en dan weer terug na waar hulle gestaan het.

Kan u net vir die hof beskryf waar het die polisie gestaan op daardie stadium? -- Die polisie het reg voor die ingang van Curries Fountain gestaan. Ongeveer 5,45 namiddag was ek by Kolonel Jordaan wie in bevel van die polisie se uniform-afdeling was.

DEUR DIE HOF: Is dit miskien 'n geleë oomblik om te verdaag?

HOF VERDAAG

GETUIE NOG ONDER EED:

ONDERVRAGING DEUR MNR ATTWELL (Vervolg)

Kaptein, ons het gekom by die punt waar u wou begin het omtrent kolonel Jordaan. -- Om 5,45 namiddag was ek by Kolonel Jordaan wie in bevel was van die uniform afdeling. Hy was in besit van 'n draagbare hand luidspreker. Hy

het /...

het die aandag van die gehoor uitgeroep. Hy het vir hulle gesê dat die byeenkoms verbied is deur die Minister en die terrein waarop hulle hulle tans bevind - hulle teenwoordigheid op dié terrein verbied is en dat elkeen teenwoordig skuldig is aan 'n misdryf. Hy het hulle gelas om onmiddellik uiteen te gaan.

Watter taal het die kolonel gebesig? -- Hy het in Engels en Afrikaans drie keer herhaal, maar hy is elke skoot deur die mense teenwoordig doodgeskree. 'nBantoesersant het toe later deur middel van stadspolisiemotor met 'n luidsprekersisteem op, die skare toegespreek.

Was dit in die Zoeloetaal? -- Dit was in die Zoeloetaal en ek kan nie sê wat daar gesê is nie.

Wat was die houding van die mense hierop? -- Hulle was nog uittartend, minagtend. Na 'n ruk het beskuldigde nr. 2 daar aangekom. Van die mense in die gehoor het hom om die nek gevat. Hulle het weer begin sing met hernude ywer, slagspreuke is weer geskree. Hulle het mekaar aan die lywe gevat, so agtermekaar en na die oostelike kant van - na die oostelike rigting beweeg. Ek sal net ter verduideliking, soos die Engelse sê "shuffle" metode gebruik.

Skuifel? -- Skuifel, dit is reg, met klein passies beweeg na die stad se kant toe. Ek het die indruk gekry dat die persone wou ingaan by Curries Fountain. Op daardie stadium het kolonel Jordaan die Polisie opdrag gegee om die groep te omsingel en te arresteer.

Kaptein waar was beskuldigde nr. 2 op daardie stadium? -- Hy was op die voorpunt gewees van die optog.

Ja? -- Die onde het uitgekom en die skare het uiteengehardloop. Sekere persone is toe daar in hegtenis geneem.

Insluitende/..

Insluitende beskuldigde nr. 1 se eggenote? -- Dit is korrek.

Nou om en by 6,45 daardie selfde aand het u en ander lede van die veiligheidstak die hoofkantoor van SASO in Beatrisestraat Durban besoek, is dit korrek? --- Dit is korrek, Edele.

En wie het u dan almal daar aangetref? -- Ons het beskuldigde nr. 2, beskuldigde nr. 3, eerwaarde Mayathula, Lindela Mabandla, Ahmed Bawa, Yugan Naidoo en 'n Bantoevrou met die naam van Isbongela Khubekha.

Is sy werksaam by daardie kantoor? -- Dit is korrek.

Daardie mense wat u daar genoem het was toe daar in hegtenis geneem is dit korrek? -- Dit is korrek.

'n Deursoeking is toe ook op daardie stadium gedoen deur die Polisie? -- Dit is korrek.

U was ook by toe daar daardie aand 'n deursoeking plaasgevind het by die kantore van die BAWU organisasie? -- Dit is korrek.

Nou op die 27ste dag van September van 1974 om en by 10 voormiddag, het u die getuie in hierdie saak Harri Singh arresteer is dit korrek? -- Ek het hom nie arresteer nie, hy is aan my oorhandig deur luitenant Senekal wie hom gearresteer het.

En u en die Harri Singh is toe na Singh se woonstel? -- Dit is korrek.

Daar het u weereens die woonstel deursoek? -- Dit is korrek.

Beslag is daar gelê op verskeie dokumente? -- Dit is korrek.

Waaronder die dokumente wil ek nou aan u oorhandig, ingesluit was? -- Dit is korrek.

Sal /..

Sal u net die dokumente identifiseer? -- BEWYSSTUK BPC C.9. Die opskrif is "Statement issued by the Black Peoples' Convention" dit is 'n getikte weergawe, bestaande uit drie bladsye. Die laaste bladsy is geteken daar staan "signed Roy Chetty Public Relations Officer. Sipho Buthelezi Secretary-General. Aubrey Mokoape Chairman Durban Central BPC Branch. Harri Singh Chairman Overport BPC Branch." Edele, hierdie dokument of 'n soortgelyke is ingehandig as BEWYSSTUK deur 'n vorige getuie. Die vorige een wat ingehandig was, Edele, het die bykomende handskrif gehad onder aan en aan die oorkant van die laaste bladsy. Die dokument handel hoofsaaklik met"foreign investments".

DEUR DIE HOF: Wel ek dink mnr. Rees het alreeds...

MNR ATTWELL: Ek dink dit is reeds volledig behandel, ek sal dus op hierdie stadium nie enigiets spesifieks daarin noem nie. Die volgende dokument is BEWYSSTUK BPC L.1. Edele, hierdie dokument is ook reeds deur die getuie Singh ingehandig, dit is 'n afskrif van die gedig wat na bewering uitgegee was tydens 'n Tyro Memorial Service, getitel "There can be no more words" en onderteken deur Mandlenkosi Langa.

Die volgende dokument wat u op beslag gelê het? -- BEWYSSTUK BPC L.2.

Edele, hierdie dokument is ook reeds ingehandig deur die getuie Singh, dit was ook 'n gedig wat na bewering deur hom oorgeskryf is vanaf 'n gedig wat ook by daardie geleentheid daardie Tyro Memorial Diens uitgegee was. Die titel "Hey Black Man". Volgende dokument? -- BPC N.1.

Dié dokument is ook alreeds ingehandig. Dit is die dokument met die BPC kopstuk en getitel "Towards Freedom Now. U het reeds getuig dat u dokumente soortgelyk aan dié gesien het onder die toeskouers of gehoor van die

Sharpeville/...

Sharpeville - van die BPC symposium op die 15de van September? -- Dit is korrek.

Ja?-- BEWYSSTUK BPC N.2.

Hierdie dokument was ook deur die getuie Singh al ingehandig Edele. Dit is na bewering die handgeskrewe notas deur die getuie Singh gebruik vir sy toespraak by daardie Symposium met die eerste paragraaf na bewering in die handskrif van beskuldigde nr. 1, getitel "History and our role".

Die volgende dokument? -- BEWYSSTUK BPC R.1.

Edele, hierdie dokument is ook al ingehandig gewees, ek dink deur die getuie Singh. Dit is die dokument "Black Peoples Convention Historical Background". Die dokument na bewering is deur Singh saam met hom oorsee geneem en daar uitgedeel. Na aanleiding van die onderneming deur die Staat Edele, ag ek dit op hierdie stadium nie nodig om die dokument of enige passate daarvan uit te lees nie. Die volgende is? --"Annexure 4A".

Edele, dit is die stensil soos hulle genoem is vir die BPC nuusbrief wat in Singh se besit gevind is.

DEUR DIE HOF: Wel dit kan nie 4A wees nie.

MNR ATTWELL: Edele, dit was dié nommer gegee op 'n vorige geleentheid to Singh getuig het en die bylae 4 tot die klagstaat is inderdaad daardie dokument, maar die stensils is toe skynbaar as 4A genoem.

Is die bylae 4A. -- Dit sal dan bylae, jammer Edele, Bylae 4A is die werklike stensils.

-- BEWYSSTUK K.1. is 'N SASO newsletter. Die Junie 1971 uitgawe, Volume 1 nr.2

Edele, hierdie dokument is tot dusver nog nie ingehandig gewees nie. -- Hierdie dokument is bekom in die

gewone/..

gewone loop van my werk.

Hier is die afskrifte, ek oorhandig hulle dan aan die verdediging en 'n afskrif vir die hof. Dit gee voor te wees 'n SASO Newsletter Junie 1971, Volume 1 nr. 2. Edele, ek wil die hof se aandag net daarop vestig dat die gedig "Dedication" wat in die klagstaat 'n Bylae is, dit is Bylae 1 tot die klagstaat op bladsy 7 van hierdie nuusbrief verskyn. Onder aan staan die naam waarskynlik van die digter as Saths Cooper. Weereens Edele, op hierdie stadium sal ek nie spesifiek na enige passate daarin verwys nie. Kaptein u het op 'n latere stadium ook bande, dit is al die bande wat tot dusver in dié saak ingehandig is vanaf die W N N R gaan haal en oorhandig aan majoor Stadler, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Is dit vanaf die mnr. Jansen waarna u verwys het? --Dr. Jansen.

Dr. Jansen. Terwyl dié bande en die ander bande waarna u verwys het, in u besit was, was daar enigsins daarmee gepeuter of was daar geleentheid geskep waarin daar gepeuter kon word met enige van dié bande? -- Hierdie bande is in my staalkabinet toegesluit gewees waartoe ek alleenlik toegang het. Niemand het daarmee gepeuter nie.

Ek het geen verdere vrae nie dankie, Edele.

MR ALLAWAY: My Lord, again on the subject of documents in the rally, I understand from my Learned Friend it is unlikely he will want to call any witnesses after this witness today and if that is so, we can then avail ourselves the opportunity forthwith to get instructions from the accused and we will then cross-examine all the gentlemen who stood down from yesterday and today, My Lord.

MR ALLAWAY: That will be confirmed, My Lord, there are in

fact/..

fact all in all now five or six witnesses concerning the tapes and various things. The cross-examination has been reserved. I think this would be an opportune moment perhaps to take the adjournment.

BY THE COURT: That is to take the adjournment until Monday.

MR ATTWELL: Until Monday.

COURT ADJOURNS

**Collection Number: AD1719**

**State v S Cooper and 8 others.**

***PUBLISHER:***
*Publisher:*- **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:*- **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:*- **AD1719-Vol25**
*Document Title:*- **Volume 25, Pages 1799 - 1810.**